

FINANSIËLE FIKSHEID ... VIR ALTYD

OPSOMMING

Hierdie werksboek, is die eerste treë tot finansiële vryheid en welvaartsskepping. Dit is nie net 'n praktiese handleiding nie maar help ook die deelnemer om vanuit sy eie lewenssin te dink oor sy eie finansiële fiksheid.

Eben Smith

CEO van Dragon Wealth

Finansiële Fiksheid ... vir altyd

'n Werksboek saamgestel deur Eben Smith van Dragon Wealth

1. Inleiding

Finansiële fiksheid is soos enige iets in die lewe. Jy het nodig om jou beplanning te doen, jy moet jou plan tot aksie bring en dan moet jy sorg dat jou aksie in goeie gewoontes vasgelê word. Om finansiëel fiks te wees is nie ingewikkeld nie, maar is moeilik om uit te voer en vol te hou. Die geheim is om klein oorwinninkies te behaal. Die maklikste om jou finansiële lewe in klein stappies op te deel en stelselmatig jou geld-lewe te bemeester. Mik om net vir 'n maand slim te werk met jou geld. Probeer dan om dit vir nog 3 maande te doen en dan vir 6 en dan uit eindelijk vir 'n jaar. As jy vir een jaar lank suksesvol kan werk met geld dan kan jy dit vir 5 jaar doen. En as jy dit kan doen vir 5 jaar het jy regtig 'n kans om finansiëel nie net voor te kom nie maar om ook suksesvol te wees.

*Jou finansiële lewe is soos enige verhouding. Dit is 'n gebaseer op respek en vertroue.
As jy respek het vir jou geld dan sal jou geld jou ook respekteer.
As jy nie respek het vir jou geld nie dan gaan iemand seerkry ... en dit gaan nie jou geld wees nie.*


Gebruik hierdie werksboek as 'n rigtingwyser tot jou eie lewe. Verander en skaaf aan jou plan totdat jy 'n werkbare finansiële plan gekry het wat pas by jou lewe. Sterkte!

2. Die Model

Die vlieër-model op die volgende bladsy is die rigting waaraan elke mense, ten opsigte van sy finansies, behoort te groei. Hiervolgens moet jy:

- **A – nalysis:** Gereeld meet waar jy staan. Iemand wat liggaamlik wil fiks word of gewig verloor moet gereeld hulle vordering meet.

- **A- ttitude:** Jou verstandelike ingesteldheid. Om reg te doen moet jy reg begin dink. Di twerk ook andersom: As jy die regte geld-besluite begin neem sal jy ook reg begin dink oor jou geld.
- **B-ehaviour:** Slegte geld-gewoontes moet vervang word met goeie geld gewoontes.
- **C-ontrol:** Jy moet kontrole sisteme inbou om te sorg dat jou finansiële fiksheid ‘n lewenslange gewoonte bly.
- **P-assion:** Leef ‘n lewe van liefde en doen die dinge waarvoor jy lief is. En as jy ‘n inkomste daaruit kan verdien, dan verseker jy vir jouself lewensgelange geluk.



A – Analysis
A- Attitude
B - Behaviour
C - Control

P – Passion

Afdeling 1: Analise:

Begin met onderstaande oefening en wees so pynlik eerlik as wat jy kan wees.

Gee jouself ‘n punt uit 10 vir elke vraag:

1) Jy is elke maand besig om te “juggle” tussen jou krediteure.	
2) Jy moet nog verlede maand se rekening betaal dan kom die nuwes al.	
3) Jy is gereeld agter met betalings.	
4) Jy wil nie meer pos uithaal nie, want jy is bang vir aanmanings.	
5) Jy wil nie meer weet wat in jou rekening aangaan nie.	

6) Jy weet nie wat die terme en voorwaardes van jou verbande en lenings is nie – jy weet net jy moet betaal.	
7) Jy betaal net die minimum op jou kredietkaart en as jy niks meer kan koop op die een kaart nie spring jy na die volgende kaart.	
8) Jy het altyd kontant gekoop, nou koop jy met winkelkaarte.	
9) As jy skuld maak, vra jy vir die langste moontlike tydperk van terugbetaling.	
10) Jy leen soms geld by vriende om jou deur te sien vir die maand.	
11) Dit laat jou goed voel as jy nog 'n kaart of 'n lening geoffer word – laat jou voel jy is iemand van waarde.	
12) Jy het min of geen besparingsplan nie, en geen “back-up” as jy moet siek word of jou werk verloor nie.	
13) Jy het geen idee van jou maandlikse uitgawes en hoe dit opweeg teenoor jou inkomste nie.	
14) Jy doen soms inkopies om beter te voel.	

Bogenoemde is alles voorbeelde van slegte finansiële gewoontes. Jy moet bogenoemde omkeer as jy finansiëel fiks wil word. Let verder op hoe baie van die voorafgaande vrae in die tabel het te doen met iemand wat “nie weet nie”. Jou eerste tree tot finansiële fiksheid is om op die skaal te klim en die monster in die oë te kyk. Dit is beter om te weet en dan te besluit wat om daaraan te doen as om nie te weet nie en niks te doen nie. Dit vereis waagmoed om die eerste tree te gee, maar jy kan dit doen... Hier gaan ons.

1. Jou finansiële syfer: Balansstaat

Jou finansiële syfer is 'n FINANSIËLE syfer en nie die syfer wat jou waarde as mens bepaal nie. Dit is 'n syfer wat jy jaarliks dophou om jou te help te beplan vir aftrede en erflatings. Dit is opgedeel in twee dele. Dit wat skuld teenoor dit wat jy besit. Die verskil tussen hierdie twee is jou finansiële syfer. Daar is nie 'n ideale syfer nie omdat dit afhang van lewensdoelwitte en lewensstyl. Daar is egter mense wat wil beweer dat jou syfer in miljoene dieselfde as jou ouderdom moet wees. As jy 30 is moet dit 3 miljoen wees; as jy 48 is moet jy 4,8 miljoen rand hê, ens.

Vul die balansstaat op die volgende bladsy so deeglik as moontlik in:

What I own (at current market value)	What I owe
Private Home _____	Bond: _____
Investment Properties	
1. Property 1 _____	Bond 1: _____
2. Property 2 _____	Bond 2: _____
3. Property 3 _____	Bond 3: _____
4. Property 4 _____	Bond 4: _____
5. Property 5 _____	Bond 5: _____
Stocks _____	Overdraft: _____
Shares in Businesses _____	Credit Cards: _____
Cash _____	Consumer debt: _____
	Car debt: _____
Total: _____	Total: _____

My finansiële syfer is? _____

2. My leefstyl-syfer: Die koste van my leefstyl.

Jou leefstyl koste is baie belangrik want 'n gesonde leefstyl-syfer gaan jou in staat stel om jou finansiële syfer uit die vorige afdeling aan te vul.

*Die twee goue reëls van finansies is: 1. Leef binne jou vermoë en
2. Betaal jouself eerste. (Sir John Templeton)*

Jy wil uitkom by die punt waar jy nie meer uitgee as wat jy inkry nie. M.a.w. dan leef jy binne jou vermoë en sal jy nie al hoe dieper in skuld inbeweeg nie. Die verdere ideaal is dat jy dan ook die gewoonte sal aanleer om geld te spaar, of “om jouself eerste te betaal.”

Vul die onderstaande in so goed jy kan. Dit is egter raadsaam om eers vir ‘n maand met ‘n klein boekie in jou sak (jy kan jou foon ook hiervoor gebruik) te loop en presies neer te skryf hoeveel geld jy uitgee en waarop jy dit uitgee.

Skryf dit wat jy inkry neer teenoor dit wat jy uitgee:

Personal Income Statement:	
My monthly incomes are:	
Income 1:	_____
Income 2:	_____
Income 3:	_____
Income 4:	_____
Total monthly income:	_____
My monthly expenses are:	
Saving: Long term (Retirement)	_____
Saving: Medium term (car, holiday, etc.)	_____
Saving: Short term (Emergency Fund)	_____
Mortgage on my home -	_____
Loan on car -	_____
Pay for tuition fees -	_____
Loan for business -	_____
Clothes and credit debt -	_____
Taxes -	_____
Medical Aid -	_____
Household and car insurance -	_____
Living Expenses: Travel expenses -	_____
Living Expenses: Municipality bills -	_____
Living Expenses: Groceries -	_____

Living Expenses: Maid/ Gardener _____

Living Expenses: Dining out/ Take Aways _____

Living Expenses: Other Fun Stuff _____

Living Expenses: Health (gym) _____

Living Expenses: Charity _____

My total monthly expenses are: _____

Monthly income: _____ **vs** **Monthly expenses:** _____

As jou inkomste laer is as jou uitgawes het jy dringend nodig om ‘n plan te maak deur of jou inkomste te verhoog of jou uitgawes te verlaag. Verder as jy nie by die spaargedeelte iets ingevul het nie, sal jy ook baie dringend aandag moet gee aan jou leefstyl uitgawes. Dit word in die volgende afdelings aangespreek.

Afdeling 2. A – Attitude

1. Lewenswaardes

Om aanpassings soos hierbo genoem te maak beteken dat jy in baie gevalle sal moet anders dink oor geld en ook die rol wat geld in die lewe speel. Dit gaan oor jou lewenswaardes: Dink na oor die volgende sin: **Money follows life..**

“Money follows life (geld volg lewe)” sê doodeenvoudig dat geld vloei in die rigting van dit wat vir jou belangrik is. En... die meeste geld vloei in die rigting wat vir jou die belangrikste is.

Om finansiell fiks te word beteken daarom ook om te gaan dink oor jou lewensprioriteite. Jy sal moet besluit 1. Hoe belangrik is hierdie saak vir my? en 2. Is dit veronderstel om so belangrik te wees? Jy sal verbaas wees hoe min ‘n mens regtig in lewe nodig het om gelukkig te wees. Op hierdie onderwerp is al baie

navorsing gedoen en dit blyk dat jy as mens net vier dinge nodig het om gelukkig te wees:

1. Gesonde uitdagings;
2. Gesonde verhoudings;
3. Om betekenisvolle bydraes te lewer en
4. Om vreugdevolle oomblikke te beleef.

Gaan dink vir oomblik na oor jou lewe. Wat het jy van bogenoemde aspekte en waar het jy nodig om nog uitdagings, gesonde verhoudings, betekenisvolle bydraes en vreugdevolle oomblikke in jou lewe te bou? Probeer dink aan goed wat nie noodwendig baie geld gaan kos nie. Om die sonsopkoms te geniet in die oggend saam met jou geliefde byvoorbeeld kos geen geld nie.

2. Gesonde geld-reëls

Min van ons hou van reëls maar dit is hierdie reëls wat bepaal of jy langtermyn finansiëel fiks gaan bly. As kind is jy geleer dat daar sekere dinge is wat 'n man net nie doen nie en sekere dinge wat 'n dame net nie doen nie. Of as jy lewenslank gesond wil wees moet jy byvoorbeeld daaglik twee liter water drink en drie maal 'n week vir 20 minute oefen. Geld-reëls is dieselfde. Dit bepaal jou ingesteldheid om in 'n gesonde verhouding met geld te leef. Geld-reëls is egter makliker as wat jy dink. Dit is dieselfde reëls wat ons vir ons kinders leer maar dit is ook dieselfde reëls wat jy as kind geleer is. Maak die volgende reëls deel van jou menswees:

1. Koop net wat jy regtig nodig het en nie om te beïndruk nie.

2. As jy onseker is of jy iets moet koop, huur of leen eers en besluit dan of dit vir jou is.
3. Vermy “retail-therapy” deur nie in die winkels rond te loop as jy verveeld of sleg voel nie. Gaan loop eerder in die park of in die bewaringsarea. So, spaar jy jouself veel groter spyt later.
4. Spaar eerder jou geld nou sodat jy later ‘n groter item kan koop.
5. As jy nie nou geld het nie, kan jy dit nie koop nie – moenie skuld maak nie!
6. Moenie alles nou spandeer nie, later gaan jy jou geld nodig kry.

Wees **verantwoordelik** met jou geld. Onthou as jy jou geld op iets spandeer verbeur jy die geleentheid om iets anders daarmee te koop. **Dink** daarom **twee keer** voordat jy koop.

Afdeling 3. Be- haviour

Om geld-fiks te wees moet jy slegte geldgewoontes verruil vir goeies. Van hierdie gewoontes sluit die volgende in:

1. Raak ontslae van verbruikerskuld,
2. Gee geld uit volgens ‘n groter finansiële plan – leef volgens ‘n spanderingsplan,
3. Kom in die gewoonte om te spaar vir kort-, medium- en langtermyn doelwitte,
4. Kom in ‘n finansiële ritme deur maandelikse en jaarlikse afsprake met jou geldsake te hê.

1. Raak ontslae van verbruikerskuld

Een van die groot dinge wat ‘n mens gevange hou in ‘n wêreld van finansiële-spanning is skuld. Die enigste skuld wat in orde is om te hê is as jy skuld maak wat vir jou ‘n inkomste gaan inbring. MAAR selfs dan moet jy eers jou huiswerk doen en seker maak dat jy jou skuld sal kan diens. Raak ontslae van verbruikerskuld soos

winkelkaarte en kredietkaarte. Raak van die kaarte ontslae en as jy soos 'n kredietkaart moet hê soos vir internet-kope, bêre dit iewers veilig – maar moet dit nie in jou beursie hou nie.

Die Skandanawiese woord vir skuld is die woord “geld” wat jy ook vind in die Engels vir ‘n reggemaakte perd – “gelding”. Skuld beteken letterlik in Skandawië om gekastreer te wees.

As jy van jou kaarte ontslae geraak het, het jy die eerste treë geneem om van skuld ontslae te raak. Dit wys dat jy ernstig is om finansieel fiks te wees. Gebruik nou die sogenaamde sneeubal-metode om jou skuld te delg.

Jy doen dit soos volg:

Nadat jy jou kaarte vernietig het, hou aan om jou rekeninge te betaal soos die instansies van jou vereis. Neem die kaart of rekening waar jy die meeste rente betaal en betaal 'n dubbele paaient op hom. Sodra hy betaal is neem jy die volgende rekening. Betaal nou wat jy betaal het aan die eerste rekening PLUS jou normale paaient aan die tweede rekening – tot hy klaar betaal is. Neem nou die derde rekening en betaal wat jy aan die eerste en die tweede rekeninge betaal het plus die normale paaient – tot die derde rekening klaar betaal is. Doen dit tot al jou skuld vereffen is ... en MOENIE weer verbruikerskuld maak nie.

Wat van my kar en huisskuld? Karskuld en huisskuld is beide verbruikerskuld. Spaar eerder vir 'n termyn (vyf jaar of so) vir jou kar. Betaal wat jy sou betaal het aan 'n paaient en sit dit in 'n belegging in. Moet ook nie 'n nuwe voertuig koop nie. Die oomblik as jy 'n nuwe kar uitry, nadat hy gekoop is, verloor hy onmiddelik 20% van sy waarde. Verder is die huis waarin jy bly nie 'n belegging nie, tensy jy 'n deel daarvan kan uitverhuur. Probeer jou huis ook vinniger af betaal deur 'n extra 50% van jou normale paaient in die helfte van die maand in te betaal. Jy kan die termyn so amper halfeer.

Jou beurt: Skryf hier onder neer hoe jy onderneem om van jou skuld ontslae te raak. Deur dit neer te skryf maak jy ook 'n belofte aan jouself.

My skulddelgingsplan is ...

2. Gee geld uit volgens 'n groter finansiële plan – leef volgens 'n spanderingsplan

'n Spanderingsplan word ook geken as 'n begroting. Ek hou van die woord “spanderingsplan” want dit sê dat jy in beheer is van wat jy koop. Jy beplan om op 'n bepaalde manier te spandeer. Geen spanderingsplan is egter perfek nie. Soms is daar onvoorsiene dinge wat gebeur en jou plan werk nie meer nie. Aanvaar daarom dat jou plan is 'n proses in wording is. Dokumenteer elke maand hoeveel jou werklike uitgawe is en vergelyk dit met wat jy beplan het dit moet wees. Pas jou spanderingsplan elke maand aan om naby aan perfek te wees. Gebruik die aangehegte spreivel om jou te help. Pas dit aan volgens jou behoefte. Net 'n paar belangrike opmerkinge oor die spanderingsplan:

1. Die spaar komponente van die plan is heelbo aan. Hiermee sê jy dat jy jouself eerste betaal.
2. As die inkomste minder is as die uitgawes sal jy 'n paar harde besluite moet neem; soos byvoorbeeld: leef sonder DSTV, verkoop die kar en ry 'n goedkoper voertuig, eet minder uit, ens.
3. Dit is moeilik om rand-sente te tel. Dit is makliker om geleenthede te tel. Jy weet byvoorbeeld wat 'n tank petrol byvoorbeeld jou gaan kos. Probeer uitwerk hoeveel keer jy in 'n maand volmaak en hou daarby. Verder eet mense gewoonlik min of meer dieselfde kos by 'n restaurant of by 'n Weg-neem restaurant. Jy weet al dit

gaan min of meer X of Y Rand wees per keer. Werk uit hoeveel keer per maand julle as gesin wil/kan uiteet of wegneem-etes koop. Maak weer jou onderneming onder.

Wanneer gaan jy dit begin doen en hoe wil jy dit volhou?

4. Dikwels is jou inkomste of uitgawes per jaar of per kwartaal. Werk 'n gemiddeld uit om dit per maand te kry.

5. As jy getroud is, is jou en jou gade se inkomste daar om een huishouding te dra. Dan moet julle 'n gesamentlike spanderingsplan hê. Besluit wie betaal wat, en help mekaar as dit soms sleg gaan met een of die ander.

6. As jy 'n besigheid het, laat die besigheid jou 'n salaris betaal. Jou besigheid se inkomste en uitgawes moet sy op sy eie bestuur word.

Spanderingsplan (Spreadsheat)

3. Kom in die gewoonte om te spaar vir kort-, medium- en langtermyn doelwitte

Een van die groot verskille tussen rykmense en armense is dat ryk mense is chroniese beleggers en arm mense is chroniese spandeerders. Voordat jy 'n belegger kan wees moet jy leer om te spaar. Uit die spanderingsplan sou jy reeds opgelet het dat 'n mens eers moet spaar en dan die res van die geld kan aanwend vir jou leefstyl. Mense doen gewoonlik die omgekeerde. Hulle spandeer eers en as iets oorbly (wat gewoonlik nooit is nie) spaar hulle. Maar hoe spaar 'n mens as jy nie regtig geld het nie. Wat 'n mens nie besef nie, is dat jy dikwels meer geld het as wat jy dink. Die feite is net dat mense ook LEEF volgens hulle INKOMSTE.

Die spaarplan werk so: word 'n **outomatiese spaarder**. Jy kan by 'n beleggingshuis soos Allan Gray, Investec ens 'n Effekte Trust rekening oopmaak vir al jou spaar behoeftes (ek beveel nie banke se geldmark of versekeringsmaatskappye aan as beleggingsplekke nie). Deel jou spaar-strategie op in drie dele:

Langtermyn Spaar: Dit is jou aftree-spaar wat hier ter sprake is. Maak vir jou 'n Aftree-Annuiteit oop (as jy nie reeds by jou werk deel is van 'n Voorsorg- of Pensioenfonds nie). Probeer om ten minste 10% (of meer) van jou inkomste hierin te plaas. Die rede vir die Aftree-Annuiteit is om belasting-voordele te kry. Jy kan ook gebruik maak van die nuwe belastingvrye-beleggings as 'n aanvulling op jou Aftree-Annuiteit.

Mediumtermyn Spaar (2-7 jaar): Voorbeelde is: die oorsee vakansie, 'n kar, geld vir my kind se universiteit. Hier kan jy van 'n Uitkeer-polis gebruik maak vir belastingvoordele as jou belastingkerf 30% plus is. So nie gebruik 'n Effekte Trust belegging. Maak 'n rekening oop vir elke behoefte. Jou kar en jou oorsee planne moet elk sy eie beleggingsplan hê. Die minimum tot so 'n belegging is gewoonlik R 500 pm.

Korttermyn Spaar (minder as 'n jaar): Baie praat ook van 'n noodfonds. Hier spaar jy ook in 'n Unit Trust met 'n geldmark as onderliggende belegging. Dit is vir onvoorsiene en voorsiene uitgawes soos iets wat breek, maar ook vir die Desember vakansie om die uitgawes te dek as die kliënte min is.

Jou beurt: Skryf hier onder neer hoe jy onderneem om jouself eerste te betaal. Wees baie spesifiek. Maak die belofte aan jouself met 'n datum wanneer jy iemand gaan sien om jou te help om jou beleggings oop te maak (jy kan dit ook self doen, maar dit is beter om 'n kundige te vra om jou te help om die regte fondse te kies – jy gaan 'n fooi hiervoor betaal maar is dit werd).

My Spaarplan onderneming:

4. Kom in 'n finansiële ritme deur maandelikse en jaarlikse afsprake met jou geldsake te hê.

Maandelikse afspraak: Kies een dag in die maand waar jy 'n afspraak met jou geld het. Onthou, as jy jou geld respekteer sal dit jou ook respekteer. Om tyd te maak met jou geld is 'n belangrike aspek daarvan. Tydens hierdie afspraak – gewoonlik die laaste dag van die maand - betaal jou rekeninge en kyk of jy nog hou by die spanderingsplan. Liaseer alles wat jy moet liaseer in 'n konsertina leër of kassie met laaitjies vir belastingdoeleindes.

My maandelikse gelddag is: _____

Jaarlikse afspraak: Sien jou rekenmeester of ouditeur jaarliks en bespreek met hom/haar belastingbesparing tegnieke.

My jaarlikse gelddag is: _____

Afdeling 4. C- ontrol – hou kontrole van jou fiksheid

Hierdie deel van die vlieër-model is die sleutel om vir altyd finansiël fiks te bly. Niemand doen alles 100% reg die hele tyd nie. Probeer om net 60% van die kere reg te wees. Dit is darem meer as die helfte wat beteken dat jy besig is om in die regte rigting te beweeg. As jy lank genoeg 60% van die tyd die dinge reg doen, sal die 60% wel groei na 70% en dan na 80%. Dit belangrik om baie sag en baie geduldig met jouself te wees. As jy afgedwaal het, bring jouself maar weer terug na jou beplanning. Werk jou skulddelgingsplan, werk jou spanderingsplan en werk jou outomatiese spaarplan. Hier is 'n paar eenvoudige kontrole idees vir jou:

1. Hou streng by jou maandelikse gelddag. Moenie ander afsprake maak nie.
2. Gebruik jou foon. Banke stuur deesdae 'n sms vir elke inbetaling of aftrekking. Gebruik dit as jou spanderingsplan op datum te hou.

3. Kry jou koopgewoontes onder beheer. Koop eenmaal of tweemaal ‘n maand by die groot supermark. Hou dan ‘n melk-en-brood blikkie met genoeg geld in vir die maand se brood en melk. Gaan net winkel toe om melk en brood te koop. As die kos klaar is voor die maand om is... probeer kreatief te werk met wat jy het.
4. Plak jou spanderingsplan op. As iemand van die huishouding iets gekoop het, laat hulle die bedrag inskryf by die item.

Gebruik jou jaarlikse gelddag om ook na jou ander geldsake te kyk:

1. Is jou testament in orde? Is die begunstigdes reg? Wie is die eksekuteur en wat is sy fooi? Sal jou naastebestaande dit maklik kan kry as jy iets oorkom? Weet hulle wie om te kontak?
2. Is jou risiko-dekking reg? (dood, ongeskiktheid en kritieke-siekte) Dikwels is mense oorverseker en onder gespaar. Het jy genoeg dekking en betaal jy nie dalk te veel nie?
3. Is jy op koers met jou spaarplan vir aftrede? Waar is jou geld belê en betaal jy nie te veel nie? Weet jy wat is jou beleggingsstrategie?

Afdeling 5. P -assion

In hierdie afdeling gaan dit daaroor om ‘n inkomste te verdien wat in lyn is met wat James Hillman noem, “your soul’s code”? Jy moet gereeld besluit of dit wat jy doen, is wat jy behoort te doen. Gebruik die vier vrae in **Afdeling 2. A – Attitude** oor lewenswaardes om jou huidige beroepslewe te toets.

Hier is hulle weer:

Voel jy dat in jou werk jy:

1. Gesonde uitdagings het? _____
2. Gesonde verhoudings met kollegas het? _____
3. Betekenisvolle bydraes kan lewer? _____
4. Vreugdevolle oomblikke kan beleef? _____

As jy op meer as een vraag hierbo NEE geantwoord het, moet jy of vir 'n nuwe werk soek - of met nuwe oë na jou huidige werk kyk.

BAIE BELANGRIK: Jy gaan by tye nie gelukkig wees in jou werk nie - soms vir lang tye. Iemand het eenmaal vir my gesê dat hy dit moeilik het in sy huidige werk. Sy baas is onaangenaam en die omstandighede is moeilik maar dat hy vasbyt omdat ... (luister nou mooi, NEE nie vir die geld nie) sy werk om die praktiese opleiding gee om sy eie ding te doen oor 'n paar jaar van nou. Hy sê elke keer as sy baas 'n "tantrum" gooi, dan lag hy in sy binneste met die wete: "Jy betaal my vir my opleiding sodat ek kan doen wat ek nou doen, net vir myself en nie vir jou nie."

Vind dit waarvoor jy lief is. Jy vind dit nie deur dit uit te dink nie, jy vind dit deur dit te gaan doen. Blaai deur 'n paar tydskrifte - wat is die prentjies wat met jou praat? Dalk is dit die rigting waarin jy moet groei en dalk is dit die rigting waarin jy 'n nuwe professie moet gaan soek.

As jy steeds onseker is ... kan jy selfs iemand betaal om beroepsvoorligting met jou te doen om jou te help om jou passie te vind.

'n Laaste woord

Dit is my wens vir jou dat jy soos die vlieër net hoër en sterker sal vlieg om totale finansiële fiksheid te bereik – gebalanseer deur die vier hoeke van A-analysis: A-ttitue; B-ehaviour; C-ontrol, MAAR ook geanker in P-assion, deur dit te doen waarvoor jy lief is.

Baie sterkte en onthou ... **Geld volg lewe..**